Harmonie is 100 jaar jonk

Bo regs is Babsie Malherbe (Van Heerden), Anna Brunner (Hugo) en Miems Anthonissen (Botha) in die 1930's. Al drie het die reünie van 2005, 'n goeie 70 jaar later, bygewoon! Heel links is Babsie, Miems en 'n ander vriendin, Aletta Retief (Joubert) soos hulle vandag lyk. Heel bo is Anna.

Die oudste dameskoshuis in die land, Harmonie, het in April vanjaar behoorlik eeufees gevier met ongeveer 400 oud-Harmoniete, party selfs van oorsee, wat gekom het om die opwindende naweekprogram by te woon.
Kamermaats van destyds het weer in hul ou kamers tuisgegaan. Koffie en beskuit is soggens, smiddae en snags afgesluk saam met die onthou-jy-nog. Die weersiens was vreugdevol en die jare tussenin het weggeval soos die gesels dit oorbrug het.

Tussendeur die safari-skemeronthaal, vonkelwyn-buffet *brunch*, gala-dinee in die stadsaal en die onvergeetlike hoogtepunt van die huiskerk op die Sondagoggend, is guitige stories oor studentepret, die Kat se Graf, Horagia, Kissing Corner, die Cookery-dans, Akkerilla, Knersis, Oufia en New Delia en die Blou Bruid uitgeruil.

Die oudste reünieganger, Anneke Cilliers, was van 1930 tot 1933 in Harmonie. Sy is nou 93 jaar oud met 'n helder kop en pragtige stories.

Harmonie is in 1905 betrek met 75 inwoners en was in daardie tyd die enigste amptelike verblyf vir vrouestudente op Stellenbosch. Die eerste huismoeder was me Nellie Hauptfleisch.
Eers in 1926 - 21 jaar later - is die tweede vrouekoshuis, Monica, op Stellenbosch gebou. In 1928 is daar vir die eerste keer met warm water gebad en in 1931 is die telefoon vir die eerste keer in Afrikaans beantwoord. Elke Harmoniet was geregtig op 'n warm bad van tien minute twee maal per week!

Mansbesoekers kon die dames net seker tye van die dag besoek. In 1962 is 'n nuwe vleuel aangebou en het die koshuis plek vir 160 inwoners gehad.

Bekende inwoners van Harmonie sluit in die eerste vroulike mediese praktisyn in Suid-Afrika, dr Petronella van Heerden, die aktrise, Anna Neethling-Pohl en die skrywer, Engela Linde. Meer onlangs is die eerste vroulike dekaan by die Universiteit, prof Elna Mouton, ook 'n oud-Harmoniet.

Die reünie was 'n viering van konneksie, gedeelde vreugde en seer, en die goeie ou dae van studentwees.

Harmonie 100 jaar oud

Matieland kan nie reg laat geskied aan 'n 100 jaar se geskiedenis wat Harmonie die Universiteit bied nie! Daarom kan ons net sê, baie geluk Harmonie, mag jy as Stellenbosch se ou dame met die jong hart, 'n nog groter rol speel op Stellenbosch! – Red.

Vir meer inligting oor Harmonie en haar geskiedenis, besoek die koshuis se webblad by www.sun.ac.za/harmonie of bestel 'n pragtige gedenkuitgawe van *Die Madelief* teen R20 (plus R8 posgeld) by hkharmon@sun.ac.za of per telefoon of faks by die HK-kantoor (021) 8833718



Dagbreek hou reünie in 2006!

Dagbreek is 85 jaar oud in 2006! Om die geleentheid te vier word 'n opwindende reünie vir September 2006 beplan. Op die kaarte is 'n gholfdag, ' n huisvergadering, 'n Dagbreek Extravaganza en 'n spitbraai.
Enige iemand wat graag van die verskeie bemarkings-geleenthede wil gebruikmaak, is welkom om die organiseerders te kontak.

Besoek www.dagbreek.com vir meer inligting of kontak Francois Fouché by selno 083 368 5948 of e-pos dagbreek85@hotmail.com vir meer inligting.

Komaan, word 'n skakelpersoon!

In amper elke stad en dorp in Suid-Afrika, trouens regoor die wêreld is daar Oudmaties wat brand om saam te kuier! Natuurlik kan die Alumni-kantoor nie by almal uitkom nie en daarom wil ons baie graag 'n skakelpersoon vir elke stad, dorp of area kry!
Skakelpersone kan die Alumni-kantoor geweldig baie help met reëlings van Oudmatie-byeenkomste; deurgee van nuusgebeure oor Oudmaties wat presteer in jou dorp, stad of area (ook in die buiteland) en om adresslyste op te dateer.
Elke skakelpersoon word toegerus met 'n volledige adreslys van Oudmaties in sy of haar area om aktiwiteite te reël! So wil die US alle Oudmaties beter dien. Kontak vir Heidi October, die Koördineerder: Alumni-verhoudingsbou, by tel (021) 808 2948, faks (021) 808 3026 of per e-pos hoctober@sun.ac.za.